


2021 DISSIPELSKAPREEKS



Christus in jou,
jy in Christus




FOKUSTEKS: Johannes 15:1-17

Inleiding

As Christusnavolgers is ons missie duidelik. Ons word beveel om dissipels te maak van alle nasies. Die laaste woorde wat Jesus met sy dissipels gedeel het voor Hy na sy kruisiging en opstanding teruggekeer het hemel toe, is opgeteken in Matteus 28:19-20. Jesus het sy navolgers beveel: *“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”*

Wat interessant is, ons word nie beveel om bekeerlinge te maak, of Christene nie, maar dissipels. Om die waarheid te sê, die woord “Christen” word slegs drie keer in die Bybel aangetref, maar die woord “discipel” 269 keer. Die Nuwe Testament is `n boek oor dissipels, deur dissipels en vir dissipels van Jesus Christus. Jesus het geweet die behoefte aan dissipels om dissipelmakers te word wat sy bediening van versoening op aarde sal laat voortduur, was krities belangrik; en 2,000 jaar later, is die noodsaaklikheid aan dissipels om Christus se bediening te laat voortduur, nog net so belangrik as tóé.



Meeste Christusnavolgers is bekend met die “Groot Opdrag” wat in Matteus 28:19-20 aangetref word. Tog laat baie van ons `n belangrike frase uit wat deel vorm van hierdie opdrag. Dit word aangetref aan die einde van Matteus 28:20 waar Jesus sê:

“En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

In hierdie Bybelgedeelte het Jesus die uitdagende taak uitgelê om dissipels te maak van alle nasies, hulle te doop en alles te leer wat Hy oor drie jaar vir sy dissipels geleer het.


Wat Hy eintlik sê, is: *“Neem alles wat Ek julle geleer het en vir julle gemodelleer het en reproduseer dit in ander mense regoor die wêreld.”*

Hy herinner sy dissipels dat wat Hy hulle geleer het nie slegs vir hulle alleen is nie, maar vir almal in die hele wêreld. En die laaste woorde wat Hy vir hierdie dissipels sê, is: *“En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”*

Nooit alleen

Wat `n paradoksale stelling net voordat die dissipels toekyk hoe Jesus in die hemel opvaar, fisies die aarde verlaat. Hy herinner hulle dat hulle nie nou, of ooit vorentoe, alleen is nie. Alhoewel Hy hulle fisies verlaat, sal sy krag en teenwoordigheid altyd by hulle wees deur die Heilige Gees wat kom. En sy krag en teenwoordigheid in hulle lewens sal die enigste manier wees waardeur hulle sy opdrag, om dissipels van alle nasies te maak, sal kan uitvoer.

Dieselfde is waar van ons vandag. Die enigste manier waarop Christus se opdrag om dissipels te maak van alle nasies, is deur sy krag en teenwoordigheid wat aan die werk is in en deur ons. Die vrae en probleme wat ons in die gesig staar, met respek aan Jesus se opdrag, is gewoonlik nie teologies van aard nie, maar gewoonlik van `n “praktiese” aard. Hierdie praktiese uitdagings is wat hierdie reeks gaan aanspreek.




Die sleutel vraag

“Hoe?” is die sleutelvraag waarmee ons die meeste worstel. “Nou dat ek `n Christusnavolger is, hoe leef ek my geloof uit? By die werk? By die huis? Die hele tyd?” “Hoe gehoorsaam ek Christus se opdrag om dissipels van alle nasies te maak?” “Hoe lyk dit in my lewe op `n daaglike basis?” “Hoe begin ek?” “Hoe groei ek en word `n meer effektiewe dissipel?” “Hoe kry ek van sy krag en sterkte?” Hierdie is praktiese vrae. Die goeie nuus is dat ons `n praktiese God dien! Sy Woord adresseer, en is van toepassing op, ons daaglikse lewe.

Regdeur hierdie studie gaan ons waarhede ontdek in God se Woord oor daardie laaste frase van die Groot Opdrag (“...*En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*”) en hoe die ontwikkeling van `n intieme verhouding met Jesus Christus die sleutel is tot ons alledaagse lewens as dissipels en dissipelmakers. As ons kan begryp en verstaan dat Christus altyd met ons is, en leer om te bly in daardie verhouding, sal ons ontdek hoe God ons lewens transformeer. En soos wat Hy ons lewens transformeer om meer soos Christus te lyk, sal ons lewens die vrug dra wat Christus se lewe gedra het – dissipels. Ons sal bevind dat ons vry is daarvan om te probeer “doen” om ons meer Christusgelyk te laat voel en eerder “wees” wat God ons geskep het om te wees. Dit is die oorvloedige lewe waarvoor Christus gesterf het ten einde dit vir ons te gee.

Addisionele agtergrond vir hierdie reeks

Ons studie sal fokus op Johannes 15:1-17. Hierdie Bybelgedeelte is `n fantastiese parallel tot daardie sleutelopdrag in Matteus 28, want in Johannes 15 skets Jesus vir ons `n woordprentjie (`n gelykenis) van die waarheid dat Hy by sy dissipels sal wees en altyd deur hulle sal vrugdra. Jesus se werk op aarde was byna voltooi en Hy was oppad na die kruis.



Hy het drie jaar gespandeer om die toekomstige leiers van die kerk te leer, vir hulle te modelleer en hulle af te rig. Hy het die toekoms van die bediening wat Hy op aarde begin het aan hierdie onvolmaakte leiers toevertrou. Tydens hul laaste maaltyd saam het Hy duidelik met hulle gepraat oor wat op die punt was om te gebeur. Hy was oppad na die Tuin van Getsèmane om vir hulle te bid en vir ons almal wat sou glo as gevolg van die missie wat Hy vir hulle uitgelê het.

Christus wou seker gemaak het hulle verstaan die belangrikheid van totale afhanklikheid van Hom om hulle missie te voltooi, ten spyte van die feit dat Hy nie meer fisies by hulle sou wees nie. Hy wou gehad het hulle moet weet dat alles sentreer rondom `n diep, intieme verhouding met Hom, waar hulle ophou om God tevrede te stel vanuit eie krag en vertrou op sy krag wat in hulle aan die werk is. So, Jesus het oppad na die Tuin van Getsèmane gestop om vir hulle `n gelykenis te vertel, `n storieprent, sodat hulle nie sou vergeet van intimiteit en afhanklikheid van Hom nie.

Hy het hulle die “Gelykenis van die wingerd” vertel in Johannes 15:1-17. Die tema van hierdie gelykenis word die beste opgesom in een stelling in Johannes 15:5. Dit sê: *“Ek is die wingerdstok; julle is die lote. As iemand in My bly en Ek in hom, sal hy baie vrugte dra; want sonder My kan julle niks doen nie.”*

In hierdie gelykenis is die geheim van `n oorfloedige lewe en die vervulling van die Groot Opdrag. Volgens die vers hierbo gaan dit nie oor konsentrasie op vrugdra, of `n poging om vrug te dra nie, maar eerder om vas te staan, of dan te **bly**...in Christus. Hierdie studie sal konsentreer op die absolute noodsaaklikheid daarvan om voortdurend in die Wingerdstok te bly; oor hoe om dit daagliks te doen sodat ons baie vrugte kan dra tot eer van die Here. Dit is ons hoop dat elkeen wat aan hierdie reeks deelneem dit ook aan ander sal leer in die soeke daarna om dissipels te maak van alle nasies.